AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Junior grafiese ontwerper:*
BEMARKING EN KOMMUNIKASIE

PAARL

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het ’n pos vir ’n junior grafiese ontwerper in die Bemarking en Kommunikasie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in die Paarl gesetel.

## POSDOELSTELLING

Die junior grafiese ontwerper is verantwoordelik vir die ontwikkeling van kreatiewe grafiese ontwerpe wat Akademia se handelsmerk en sekondêre handelsmerke se korporatiewe identiteite (KI’e), handelsmerkposisionering en -doelstellings ondersteun.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- ontwikkeling van kreatiewe ontwerpidees saam met die breër span
- skep van grafiese ontwerpe vir multimedia, wat drukmedia, digitale media en video’s insluit
- voorstel van handelsmerkplasings vir bemarkingsmateriaal en klerasie
- ondersteuning van grafiese ontwerpers met handelsmerkontwikkeling
- handhawing en uitbouing van die instelling en onderskeie sekondêre handelsmerke se KI-dokumente
- hantering van navrae en versoeke wat verband hou met grafiese ontwerpe
- die neem en redigering van foto’s
- in voeling bly met die jongste toepassingstyle vir alle Akademia-handelsmerke
- die uitvoer van ontwerpprojekte vanaf konseptualisering tot die voltooiing van die ontwerp

## POSVEREISTES

- ’n honneurs- of vierjaargraad in grafiese ontwerp, illustrasie of multimediaontwerp
- ’n minimum van twee jaar se ervaring in die skep van grafiese ontwerpe met ontwerpsagteware van Adobe Creative Cloud (Illustrator, InDesign en Photoshop)
- begrip van die verskillende vereistes van ontwerp vir gedrukte en digitale media, die drukproses, inkgebruike en ander afwerkings
- ervaring in ontwerptegnieke
- ervaring in die skep van gevoelborde (*moodboards*)
- ervaring in die skep van animasies (voordelig)

## VAARDIGHEDE

- ’n sterk aanvoeling vir visuele uitleg en die nuutste tendense daarin
- doeltreffende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede
- ’n oog vir detail en akkuraatheid, en doeltreffende uitvoering (onafhanklik en in ’n span) van ontwerpprojekte
- handhawing van goeie menseverhoudings, sowel as professionaliteit en ’n positiewe ingesteldheid
- die vermoë om onder druk te werk en te prioritiseer
- kennis van Akademia en die hoëronderwysomgewing in die algemeen

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. Kandidate word versoek om ’n portefeulje by hul aansoek aan te heg om vir die pos oorweeg te word. Aansoeke moet voor of op 27 Maart 2026 ingedien word. Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.